

# Therapeutic Informatics (Namibië)

# Besigheidseminaar

# `n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit

**13 September 2012**
**JC de Wet Saal**
**Ou Hoofgebou**
**Universiteit Stellenbosch**
**14:00-18:00**



Therapeutic Informatics
(Namibië)


Posbus 828
Windhoek
Namibië

epos: wmoore@therapinfo.com.na
telefoon: + 264 81 277 2565
telefaks: + 264 61 251093

# Program

| | |
|---|---|
| 14:00: | **Opening**<br>– ***Chrisna Greeff*** |
| 14:15: | **'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit**<br>– ***Dr. Willem Moore*** |
| 14:45: | **Filosofie as die grondslag van 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit.**<br>– ***Dr. Louise du Toit*** |
| 15:15: | **Hermeneutiek in 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit: Die dinamika en implikasies van herinterpretasie in die Ou Testament**<br>– ***Prof. Louis Jonker*** |
| 15:45: | **Natuurwetenskap/Paleontologie in 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit. Die Gemeenskaplike Ontstaansmodel.**<br>**– Dr. Jurie van den Heever** |
| 16: 15: | **Geneeskunde in 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit.**<br>– ***Dr. Malcolm de Roubaix*** |
| 16:45 | **Verversings** |
| 17:15 | **Bespreking** |

# ‘n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit



**Dr. Willem Moore**
Direkteur: Therapeutic Informatics (Namibia)
Lektor: Filosofie en Etiek
Departement Menswetenskappe
Universiteit van Namibië
Windhoek

Die agtergrond van hierdie voordrag is die feit dat die groot spirituele tradisies van die wêreld in veral die twintigste eeu toenemend onder druk van faktore soos sekularisasie, religieuse onverdraagsaamheid, korrupsie, onkunde en gevolglik dikwels ook ongeloofwaardigheid gekom het en dat daar ten spyte van die voortbestaan van hierdie tradisies, oënskynlik steeds wêreldwyd ‘n groeiende soeke na die beverdiging van spirituele behoeftes onder mense bestaan. Daar is ook aanduidings van ‘n toenemende migrasie van mense binne, maar ook tussen die groot spirituele tradisies van die wêreld en dat talle uiteindelik nêrens tuiskom nie en noodgedwonge maar hulle eie spiritualiteit beoefen. In aansluiting hierby is die spirituele boekemark vandag ook een van die lewendigste boekemarkte ter wêreld en word dit allerweë as ‘n aanduiding beskou dat spiritualiteit vandag tot ‘n groot mate ‘n persoonlike aangeleentheid geword het. Teen hierdie agtergrond, wil Therapeutic Informatics (Namibië) ‘n alternatiewe benadering tot die bevrediging van die spirituele behoeftes van mense bekendstel wat oor die afgelope vyftien jaar binne die Namibiese konteks ontwikkel en akademies verantwoord is en wat deur beide ‘n nuwe konseptuele en fisiese ruimte vir die bevrediging van spirituele behoeftes en die gebruikmaking van die konsep van die terapeutiese waarde van inligting gekenmerk word. Ek wil dus eerstens aantoon dat die konsep van spiritualiteit nie slegs tot die religieuse of alternatiewe vorme daarvan beperk is nie, maar op die mens se totale lewensoriëntasie betrekking het en in ‘n veel ruimer sin na die aktiwiteit van die menslike gees verwys wat deur die werklikheid (die dinge wat elke dag gebeur), òf deur ‘n verborge dimensie van hierdie werklikheid (die misteries van die lewe), òf deur die een of ander vorm van inspirasie of motivering binne die werklikheid uitgedaag, of uitgenooi word om daarop te reageer. In aansluiting hierby wil ek aantoon dat die mens se reaksie(s) op hierdie uitdagings of uitnodigings, dikwels volledig afhanklik van die jongste inligting in die Natuur-en Geestewetenskappe is en dat hierdie benadering in die tweede plek derhalwe ook ‘n nuwe fisiese en interdissiplinêre ruimte soos ‘n spreekkamer vereis waarbinne die genoemde inligting per afspraak en intersubjektief aan mense volgens hulle individuele behoeftes bemiddel kan word. Die seminaar wil derdens ook aantoon dat die bemiddeling van die jongste Natuur- en Geesteswetenskaplike inligting aan mense in sigself terapeuties is en derhalwe ook ‘n belangrike rol in alledaagse lewensoriëntasie speel.

# Notas

# Filosofie as die Grondslag van 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit



**Dr. Louise du Toit**
Senior Lektor
Departement Filosofie
Universiteit van Stellenbosch

Die antieke Delfiese motto, 'Ken Jouself!' en die Sokratiese besorgdheid om die kultivering van jou siel, met ander woorde die mens se eienaardige selfbewustheid, sy besef dat hy nie volledig met homself saamval nie, maar dat hy inteendeel juis is wat hy nié is nie, in die woorde van Sartre, was nog altyd 'n sentrale tema en vraagstelling binne die filosofie. Mense met 'n filosofiese ingesteldheid besef dat die lewe nie net 'n gawe is nie, maar ten diepste ook 'n opgaaf of taak wat vra om interpretasie, singewing. Die filosofie maak geleefde probleme tot bewustelik gestelde probleme. Kant het gesê die drie belangrikste filosofiese vrae, nl. wat kan ek weet, wat moet ek doen, en wat mag ek hoop, hang aldrie af van die mees fundamentele vraag van almal, naamlik wat is die mens? Vertroude werklikhede en wêrelde kan begin wankel, en daarmee saam verloor 'n mens dikwels jou oriëntasie in die wêreld, omdat jy onseker raak oor watter lewe die moeite werd is om te leef. Hierdie ervaring volg gereeld op traumas of lewensomwentelinge, maar dit kan ook op gang gebring word deur 'n uitsigloosheid of aangevoelde gebrek aan lewensin wat lei tot kritiese bevraagtekening. Dit is juis wanneer die vanselfsprekende werklikheid opgehef word, dat die filosofie op gang kom. Hegel sê die uile van Minerva vlieg uit teen die aandskemering – bedoelende dat die lig van die dag, en daarmee saam die alledaagse bedrywighede wat ons gedagtes daglank vashou, die ganse oorvertroude werklikheid, moet verdof, voordat die soeke na wysheid op dreef kom. Daarom dan ook dat Descartes die verwondering oor die vreemdheid van die menslike lewe beskou as die passie waaruit die filosofie gebore word. Dis eers wanneer die lewe self 'n mens tref as 'n onpeilbare misterie, dat jy werklik op soek gaan na persoonlike lewensin. Alle godsdienstige en spirituele strominge probeer hierop antwoorde verskaf, en daarom moet hulle ernstig opgeneem word. Wat die nuwe ruimte vir spiritualiteit egter veral probeer doen, is om nie antwoorde op die misterie van die lewe te probeer verpak vir massaverbruik nie, maar om eerder die soektog na lewensin te verpersoonlik. In my bydrae tot die seminaar sal ek fokus op Kierkegaard se eksistensialistiese omgang met geloofs- en ander kwessies, om 'n voorstel te ontwikkel vir die rigting wat met hierdie inisiatief ingeslaan kan word.

# Notas

# Hermeneutiek in 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit: Die dinamika en implikasies van Herinterpretasie in die Ou Testament.



**Prof Louis Jonker**
Departement Ou Testament
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch

Mense wat allerhande sinvrae vra of met etiese vraagstukke worstel, stuit dikwels teen 'n baie statiese manier om die Bybel (of, in ander tradisies, die heilige geskrifte) te interpreteer. Dikwels word die Bybel as 'n tydlose waarheid geïnterpreteer wat bloot in nuwe situasies nageboots moet word. So 'n statiese hermeneutiek gaan dus van die standpunt uit dat die tydlose waarheid van die Bybel konteksloos bestaan, en dus nie afhanklik is van veranderende en veranderde omstandighede nie. In hierdie lesing – wat gebaseer is op my professorale intreerede wat in 2011 gelewer is - wil ek graag aantoon dat die Bybel self weens 'n baie dinamiese hermeneutiek ontstaan het. Ek gaan aandui dat daar duidelike aanduidings in die Bybel is dat die oorspronklike outeurs en samestellers die moed gehad het om ouer geskrifte in nuwe omstandighede te herinterpreteer. Hierdie dinamiese omgaan met tradisies van die verlede – wat gekenmerk word deur kontinuïteit sowel as diskontinuïteit met die verlede – was juis die dryfveer agter die neerpen van nuwe geskrifte. Ek neem die teoretiese raamwerk van "binne-Bybelse uitleg" as vertrekpunt om hierdie verskynsel te beskryf, en sal dan illustrasies verskaf uit die Kroniekboeke van die Ou Testament. Ek sal afsluit deur aan te dui watter implikasies lê in hierdie dinamiese hermeneutiek wat die Bybel tot stand gebring het.

# Notas

# Natuurwetenskap/Paleontologie in `n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit. Die Gemeenskaplike Ontstaansmodel.



**Dr. Jurie van den Heever**
Departement Dierkunde
Fakulteit Natuurwetenskappe
Universiteit Stellenbosch

Die soeke na `n sinvolle bestaan word toenemend toegelig deur ontdekkings in die paleontologie en die neurologie. Hoe hierdie data verstaan en verwerk word deur individue of groepe eendersdenkendes word dikwels sterk beïnvloed deur godsdienstige oortuigings. Wetenskaplike bevindings word gevolglik in sekere omgewings met behulp van spesifieke godsdienstige filters vertaal en verwring sodat die spirituele inhoud van die individu of groep se oortuigings oënskynlik onaangetas bly.

Wetenskaplike inligting kan egter nie op `n op lukrake wyse aanvaar of verwerp word nie. Om dit te weerlê, of aan te pas, is beter navorsing nodig. Daar word deesdae dikwels groot gewag gemaak van die feit dat wetenskaplike bevindings nie finale antwoorde verskaf nie en dat dit dus nie in beton gegiet is nie. Dit is wel waar, maar die implikasie behoort nie te wees dat bewese navorsing na willekeur aanvaar of geïgnoreer kan word nie. Die wetenskap is `n selfkorrigerende stelsel wat hïerargiese kennissisteme vestig. Nuwe, bewese navorsing, werp dus nie die sisteem omver nie, maar dra by tot die uitbreiding van spesifieke kennisvelde.

Die bydrae van die moderne wetenskap ten opsigte van die ontstaan en evolusie van die mens (Paleontologie) en die uitgebreide navorsing oor die ontwikkeling en werking van die brein (Neurologie) lewer voortdurend nuwe en opwindende resultate. Dit beteken egter dat vroeëre gevestigde opvattings oor die aard en betekenis van menswees ook van tyd tot tyd in heroorweging kom. Nie almal vind berusting daarin dat ons diepste gevoelens neurologies ontrafel word nie en die wetenskap is al daarvan beskuldig dat dit ons van ons poëtiese ingesteldheid en verbeelding beroof. Die wetenskap onthul egter op ondubbelsinnige wyse ons evolusionêre verwantskap met alle ander lewende organismes, ons afhanklikheid van die omgewing en ons werklike rol, nie as kroon van die skepping nie, maar as `n klein deeltjie van `n grootse kosmiese verskynsel. Ons is `n deel van `n Gemeenskaplike Ontstaansmodel (GOM). Wanneer daar dus oor spiritualiteit en moraliteit vanuit `n wetenskaplike hoek gepraat word, is dit sinvol om dit volgens die bewese riglyne van GOM te doen. Dit is dan ook duidelik dat `n wetenskaplik gebaseerde lewens en wêreldbeskouing, as vertrekpunt vir `n nuwe soort spirituele reis, ou gevestigde godsdienstige turksvye soos die bestaan van lyding en die kwaad finaal kan besleg.

# Notas

# Geneeskunde in 'n Nuwe Ruimte vir Spiritualiteit.



**Dr Malcolm de Roubaix**
Narkotiseur in Privaatpraktyk
Kaapstad

Die oorkoepelende wens van alle mense is geluk, aldus JS Mill. Eeue vroeër het die Atheense filosoof Aristoteles die begrip eudaimonia gevestig as 'n sentrale etiese konsep. Etimologies is die woord ontleen aan "eu" (goed) en "daimôn" (gees). Dié twee denkrigtings is verwant; 'n werkbare sinoniem vir beide geluk en eudaimonia is menslike florering (om te bloei, gedy), hoewel beredenering van hoe om hierdie ideaal te bereik verskil. Die analise van die betekenis en bereiking van hierdie "goeie lewe" bly sentrale etiese temas.

Geluk of menslike florering is fundamenteel vir elke individu en innerlike vrede ("toestand van rus en kalmte"). Ek fokus op een bydraer tot hierdie vrede (te onderskei van berusting, fatalisme), binne die raamwerk van siekte, lyding, ontbering: INLIGTING.

My aanleiding is tweërlei. Eerstens, die "oor-verwetenskapliking" van geneeskunde. Geneesheer-filosowe begin in die 17e eeu met die sistematiese beskrywing van simptome, en o.a. Laennec vestig later die "kliniese metode" van geneeskunde, oftewel wetenskaplike geneeskunde. Die aard en geweldige toename in inligting en behandelings veroorsaak egter 'n oorbeklemtoning van die wetenskaplike en ontkenning van die mens agter die siekte. Die Engelse woorde "disease" en "illness" illustreer die begrip goed. Kennis plaas die dokter in 'n oorheersende magtigsposisie oor die pasiënt; hy "neem besit van" die siekte, wil diagnoseer, behandel en prognostiseer. Hierteenoor ervaar sy pasiënt subjektief "illness", wil weet hoe hy aangetas gaan word, wat sy toekoms inhou. Die dokter en pasiënt benader siekte dus uit opponerende pole.

Die tweede aanleiding is die hedendaagse oorweldiging van inligting, insluitend inligting oor inligting – die wetenskap van inligting/inligtingsoordag. Die algemene emmer-leipyp model van inligtingsoordrag is simplisties. Die oordrag van inligting is meervlakkig en kompleks en verg meer as wat die gemiddelde besige arts kan bied.


Inligting kan positief aangewend word om by te dra tot innerlike vrede en geluk. Inligtingsterapie kan gedefinieer word as voorsiening van "die regte (bewese) inligting op die regte tyd vir die regte persoon". Die doel is om die pasiënt meer intiem by die hantering van sy toestand te betrek, insluitende sinvolle besluitneming. Inligting is tweedens ook opsigself terapeuties, en/of komplementêr/ondersteunend. Daar is 'n intieme wisselwerking tussen die emosies, die brein, die endokriene- en die immuunstelsels. Dit beïnvloed homeostase en die persoon se gesondheid. Die "gesonde liggaam/gesonde gees" idee verkry hiermee nuwe betekenis!

Die voorgestelde "nuwe ruimte" bied geleentheid vir die kundige oordrag van inligting aan pasiënte.

# Notas

# Notas

# Notas




www.newsprintnamibia.com

newsprint NAMIBIA

imprint.impress.impact.